

RSG
RADIOTEATER
VAT VYF
(‘N VOORSTEDELIKE SPROKIE)

deur

André Kotzé

Uitsaaidatum: 13 Nov 2008

Regie: Bettie Kemp

ROLVERDELING (VYF SPELERS)

PA (Middeljarige man, ongeveer 50 – streng)

JOHAN (Jong student, ongeveer 23, ondernemend)

MARELISE (Jong student, ongeveer 23, lewenslustig)

PIETER (Jong student, ongeveer 23, vriend van Johan, krities)

VERTELLER (Ateljeestem vir proloog en epiloog, man of vrou)

Kopiereg:

HA Kotzé
Posbus 198
Struisbaai
7285

PROLOOG

TEMAMUSIEK , DOOF UIT

VERTELLER: Lank gelede was daar 'n baie mooi prinses. Prinses van oral het gekom om haar pa, die koning, te vra om met haar te trou. Haar pa wou haar beskerm teen prinses wat haar nie werklik liefhet nie, en het haar in die paleis opgesluit gehou.

Een prins wat haar baie graag wou sien, het na die paleis gegaan en hom as 'n skoorsteenveër voorgedoen. Hy het by die skoorsteen in die prinses se kamer afgesak. Die prinses het groot geskrik vir die indringer wat vol roet was. Hy het haar gerus gestel en verduidelik dat hy graag die prinses wou ontmoet. Sy het egter gemaak asof sy die prinses se diensmeisie was, en hom die raad gegee om die volgende dag terug te kom en sy dienste as tuinier aan te bied, om so die prinses te ontmoet.

Die prinses het haar pa gevra om 'n tuinier aan te stel wat haar kon help om 'n nuwe paleistuin aan te lê. Sy het haar pa belowe om haarself as 'n diensmeisie voor te doen, sodat sy nie aandag sou trek nie. Die koning het ingewillig. Die prins en prinses het as tuinier en diensmeisie saamgewerk in die tuin.

Hulle het mekaar leer ken en sy het op hom verlief geraak. Toe die tuin klaar was, het sy vir hom gesê dat die prinses bereid is om hom te ontmoet op die fees wanneer die tuin amptelik geopen sou word...

TEMAMUSIEK

DOOF IN DIALOOG TUSSEN PA EN MARELISE,

AGTERGRONDKLANKE, KOMBUISGELUIDE,

SKOTTELGOED WAT IN RAKKE GEPAK WORD

1. MARELISE: Maar Pa, ek is mos nie meer 'n tiener nie! Dit kan nie so aangaan nie. Pa behoort trots te wees op my as ek 'n kompetisie wen!
- 2.PA: Trots? Op Mejuffrou Bene! Marelise, wat se soort kompetisie is dit?
- 3.MARELISE: Dis net 'n varsity "jol", Pa. Ek wou nie inskryf nie, maar toe sê Frieda en al die meisies ek moet. En toe wen ek! Ek kan mos nie help nie.

- 1.PA: Marelise, ek sê jou nou: dit was die skok van my lewe toe ek jou op die voorblad sien. Nogal in 'n bikini ! Jou ma sou iets oorgekom het.
- 2.MARELISE: (BESLIS) Sy sou nie. Sy sou verstaan het. Al wat ek buite hierdie huis mag doen, is om agter hoë heinings by die swembad te lê en "tan". En dan, as die produk reg is, mag ek nie eers adverteer nie?
- 3.PA: Adverteer? Om te wat? Wat wil jy verkoop?
4. MARELISE: Ag pa! Dis nie so erg nie. Daar was fantastiese pryse, en
- 5.PA: Pryse? Soos wat?
- 6.MARELISE: Ek gaan nie eers vir pa sê nie. Ek gaan nie toelaat dat Pa my keer om my prys te geniet nie.
- 7.PA: Ek wil liever nie weet nie! Seker 'n naweek by Sun City saam met die rugbykaptein!

- 1.MARELISE: Dit sou nogal lekker wees. 'n "Wake-up" call vir my pa in die "real world". Nee, die prys is baie beter: ek kry 'n fotokontrak met "Swanky Swimwear", hulle vat my en my ou na Mauritius toe saam met Top Billing, ons kom op TV en ...e ... Pa hoef nie eers saam te gaan nie.
- 2.PA: Mauritius? Sê my jy maak 'n grap! En wie's dié "ou" nou skielik, wat ek nog nie ontmoet het nie?
- 3.MARELISE: Dis die enigste probleem. Danksy pa se "do's" en "don'ts" en "curfews" en "curses" sit Aspoestertjie sonder 'n prins!
4. PA: Prins! Wat jy waar kry in hierdie tyd? Studente? Dronklappe en deurtrekkers? Marelise, ek het jou op skool beskerm teen skollies en skandes. Jy behoort dankbaar te wees. Kyk waarmee het Frieda opgeëindig?
5. MARELISE: Los pa my pêle uit! Frieda het darem 'n ou en "fun", so tussen die "swottings" en babas deur. Nee, "genuine": Pa weet nie wat mis ek terwyl die ander girls "date" en "dine" soos hulle wil nie, sonder 'n pa wat hulle tot ewige tronkstraf en kluisenaarskap vonnis!

1.PA: As ek nie op skool gekeer het vir skollies wat net belang stel in “skateboards”, skop, skiet en skandes nie, sou jy jousef vandag nie geken het nie.

2.MARELISE: En nou? Nou ken niemand anders my nie, omdat Pa my nie toelaat om uit te gaan en die wêreld te leer ken nie.

3.PA Na daai blootstelling op die voorblad van die oggendblad ken almal jou – vir die verkeerde redes!

4. MARELISE: (GELATE) Aag, “okay”. Ek sal Pa tog nooit regkry nie. Kom ons los dit. (WEER OPGEWONDE) Maar Pa gaan my nie keer om my prys te vat nie. Ook nie om ‘n ou te kry om saam te gaan nie...

TEMAMUSIEK DOOF IN

KROEGGELUIDE, DOOF UIT TOT AGTERGROND VIR

DIALOOG

5.PIET: Johan, hoekom is jy so skielik ge”crack” op daai Juffrou Bene?
Ek ken Marelise Stander van skool af. Vergeet haar, man.

6.JOHAN: Vergeet? Daai bene? Nog voor ek probeer het? Hoekom? Ek ken haar nie nog nie eers nie!

- 1..PIET: Jy ken nie haar storie nie, ou. Haar ma is 'n paar jaar terug dood. Haar pa sluit haar op in haar kamer. Hy is Dokter Stander, 'n "weirdo". Hy dink alle ouens wat sy dogter "chaff", is skollies. Hy sal jou rugstring knoop as jy daar aanklop.
- 2.JOHAN: 'n Dokter? Hy sal my tog nie seer maak nie.
- 3.PIET: Hy vat gesonde ouens en maak pasiënte van hulle. Hy't Cassanova Carstens bo-oor sy lemmetjiesdraad heining gegooi.
4. JOHAN: Hoekom?
- 5.PIET: Cassanova het haar matriekafskeid toe gevat. Na die tyd het hy haar terug gevat na daai klooster-huis toe, in die tuin agtergebly en later by Marelise se kamer probeer in-"sneak".
- 6.JOHAN: Ek sou ook die vark uitgegooi het. Mens doen nie sulke dinge met skoolmeisies, so oulik soos Marelise nie. Daai "girl" kook, ou! Ek gaan haar date, al kos dit my linkeroog.

- 1.PIETER: Oog? Dit gaan baie erger as 'n oog wees! Haar pa is 'n uroloog! Maar wie sou kon dink dat 'n "nurd" soos Johan de Wet kans sien vir 'n "beauty queen"? Al "dodge" jy die ouman, moet jy **haar** aandag kry. Sy's opgesluit in daai fort, ou. Al die ridders wat haar probeer uitkry het, het met "shining armour" en al, hul agter-ente gesien.
- 2.JOHAN: Piet, ek sê jou nou: ek gaan haar kry. Haar pa sal verstaan. Ek dink hy's net bang vir ouens soos jy en Cassanova. Ek sou ook 'n engel soos Marelise teen vuilgoed soos julle beskerm.
- 3.PIETER: "Wow" ou, jy't die skoot hoog deur! Die naaste wat ek aan daai huis gekom het, was toe ek vir haar ouballie koerante afgelewer het. En toe het ek elke oggend net die koerant met 'n boog oor die lemmetjiesdraad-heining gegooi.
- 4.JOHAN: Jy was net "chicken". Wie lewer nou sy koerante af?
- 5.PIETER: My boetie. Ek en hy moet werk vir ons sakgeld. Nie soos jy wat beurse kry nie.
- 6.JOHAN: "Great!" Sê vir jou boetie ek gaan daai adres by hom oorvat. Sommer môre. Ek soek nie betaling nie. Ek moet net by Marelise uitkom.
- 7.PIETER: Hoekom "chaff" jy haar nie op die kampus nie?

1.JOHAN: Sy hang mos nooit uit nie. Ek sal haar nie eers op straat ken as ek nie haar bene sien nie. Jy sê haar ouballie is die probleem? Ek sal hom ook "tune". Ek moet net by daai gepantserde fort inkom.

2.PIETER: "Try" maar jou "luck". Bel my vanaand. Ek sal my boetie op die lyn sit, dat jy self met hom die koerant-ding "negotiate". Moet net nie sesuur in die oggend die kloosterhek se klokkie druk nie.

TEMAMUSIEK

STADSVRKEERSGELUIDE, DOOF UIT TOT AGTERGROND,
DOOF IN FIETSKLOKKIE, KLANK VAN TRAPFIETS SE RATTE
EN JAAG-ASEM VAN JOHAN

3.JOHAN: (JAAG-ASEM, DAN GEDEMP, BY HOMSELF, FLUISTER):
Schoemanstraat 971, ... 973, ... 975, daar's hy. "Wow", maar dit is 'n hoë muur... (JAAG-ASEM) ... Met lemmetjiesdraad bo-op. (HARDER) Hoe kom ek hier in? ... e ... Miskien daai jakaranda klim – dan kan ek binne afspring. Sal later bekommer oor uitkom. Hoop nie die ouballie het 'n skietding nie.

KLANK VAN FIETS WAT HAASTIG NEERGESIT WORD,
STEUNGELUIDE, SKOENE OP HOUT, TAK WAT KRAAK

1.JOHAN: (STEUN, BY HOMSELF, FLUISTER) Daar's hy... Amper bo...
 Nou daai dwarstak (STEUN) oor die muur, nou moet hierdie
 bleddie tak net hou...

TAK WAT KRAAK, BREEK EN 'N DOWWE PLOFGELUID VAN
 IEMAND WAT VAL, HOND WAT BLAF EN DAN OORGAAN IN
 GROM

2.JOHAN: Eina! Blikskottel! Dis nou 'n gemors. Voetsek! Bly daar! Ek het
 niks teen wolfhonde nie!

DEUR GAAN OOP

3.MARELISE: (BEVELEND) Dieter, sit! (PAAIEND) Dis mooi, ... mooi hond.
 (HARDER) Kom hier! Nie jy nie, meneer. Bly waar jy is!. Ek
 praat met die hond. (HARDER) Kom, Dieter, ... sit!
 (GESELSTRANT) En jy, meneer, wat dink jy doen jy?

HOND SE GEBLAF HOU OP NA BEVELE DEUR MARELISE

4.JOHAN: Hallo, ek lewer die koerant af. ... Kyk, ... hier ...

5.MARELISE: O? Dankie. Hoekom gooi jy dit nie oor die muur soos altyd nie?

- 1.JOHAN: Dis 'n lang storie. Ek ... is jy Marelise Stander?
- 2.MARELISE: (AARSELEND) E ... nee, ek is haar niggie. Ek kuier hier. Sy is saam met haar pa ... e, ... weg "gym" toe. (MEER SELFVERSEKERD) Maar ek wag vir die lang storie: hoekom breek jy die Jakarandaboom?
- 3JOHAN: Ek het "genuine" die koerant kom aflewer.
- 4.MARELISE: Ek sien so. En toe stamp jy ons plaveisel met jou kop! Daar's bloed op die stene. En op jou voorkop. Het jy seer gekry?
- 5.JOHAN Nee, ek dink ek is "okay". Ek is bly Marelise se ouballie is nie hier nie. Ek hoor hy is "moviese" kwaai.
- 6.MARELISE: Wat wil jy van Marelise hê?
- 7.JOHAN: Jong, dis juis die storie. Ek het haar op die verhoog gesien by 'n varsity kompetisie. Sy is "great"! En ek moet haar ontmoet. Toe't ek gedink ek sal persoonlik die koerant kom aflewer.
- 8.MARELISE: Jammer dat sy nie hier is nie. Ek sal vir haar sê iemand het uit die boom geval om haar te ontmoet. Jy moet liever deur die hek teruggaan. Ek sal vir jou oopmaak. Wat is jou naam?

1.JOHAN: Ek is Johan. Johan de Wet.

2.MARELISE: Watter koshuis?

3.JOHAN: Privaat. 'n Kamer in 'n tannie se tuin. E, .. ek het nie geweet Marelise het 'n niggie nie. Wat's jou naam?

4.MARELISE: E ... Mariana.

5.JOHAN: Sê asb vir Marelise sy moet my bel. Hier's my selnommer. Ek is mal oor haar ... Ek wil haar baie graag ontmoet.

6.MARELISE: "Okay", ek maak so. Wag, ek kry eers 'n handdoek om daai bloed af te vee. Jy bloei nog altyd.

VOETSTAPPE WEG, DEUR OOP, HOND GROM,

VOETSTAPPE NADER

7.MARELISE: (HARDER) Dieter! Lê! Hier Johan, vee die bloed af ... Nee, nie daar nie, man. (MEER DEERNIS) Laat ek jou help. Jou kop is oop, kyk, hier's 'n sny. Jy moet dalk steke laat insit. Wat sal Marelise dink van 'n kêrel met 'n litteken?

1.JOHAN: Jy moenie spot nie. Sy ken my nog glad nie. En ek ook nie vir haar nie. Jy moet asseblief vir haar mooi vra om my te kontak ... Of het jy dalk haar selnommer?

2.MARELISE: Nee, ek weet nie wat haar nommer is nie. Dalk bel sy jou.

3.JOHAN: Dankie. Jy was gaaf. Ek hoop Marelise is net so vriendelik soos jy. Wat's jou naam nou weer?

4.MARELISE: Mariana.

5.JOHAN: "Okay", Mariana. Ek moet ry.

6. MARELISE: "Okay" meneer Johan. Val maar weer in.

KRRR GELUID VAN AFSTANDBEHEER, HEKKIE OOP EN
WEER TOE.

7.JOHAN: Bye. "Thanks".

8.MARELISE: Sien jou!

TEMAMUSIEK

KROEGGELUIDE, DOOF UIT TOT AGTERGROND VIR

DIALOOG

- 1.PIET: (LAG) Johan, jou ou breker! Jy kom toe wragtie in by daai klooster! Vat vyf ou!
- 2.JOHAN: Jou blikskottel, Piet, hoekom sê jy nie vir my daar's 'n hond nie?
- 3.PIETER: Ek het nie geweet nie? Ek sê mos vir jou: ek het altyd net die koerant oor die muur gegooi.
- 4.JOHAN: En dat sy 'n niggie het?
- 5.PIET: Nog minder! Hoe moes ek weet sy't normale familie ook? Ook maar goed vir jou dat daar ten minste iemand was, anders was jy nou halfgevrete hondekos. En ten minste het jy nou so half kontak gemaak.
- 6.JOHAN: Nogal oulik, hoor, daai niggie. Ek sal vir jou 'n woordjie doen by Marelise, dan tel **jy** die niggie op.
- 7.PIET: So? So maklik soos val uit 'n boom uit? Nee dankie ou. Doen jou eie vallery. Dit klink my meer asof sy jou moes optel.
- 8.JOHAN: Daai niggie is dalk Marelise se strooimeisie op ons troue, en jy my "navigator", of wat noem mens dit?

- 1.PIET: Strooijonker, man.
- 2.JOHAN: So iets. Jy kan nou al probeer inkom daar. Sy't nou wel 'n sweetpak aangehad, maar die lyfie is net so mooi soos my Marelise, s'n.
- 3.PIET: **Jou** marelise? Moenie kuikens tel nie, ou. Jy moet nog die girl ontmoet!

SELFOON LUI

- 4.JOHAN: Johan wat praat.
- 5.MARELISE: (FILTER) Hallo Johan, dis Mariana, niggie van Marelise Stander. Hoe voel jou kop?
- 6.JOHAN: Hou net aan. (FLUISTER) Praat van die duiwel, Pieta!
(NORMALE STEM) Mariana! Ek's "okay". Wat sê Marelise?
- 7.MARELISE: (FILTER) Slegte nuus. Sy is glad nie beïndruk met 'n Tarzan wat uit 'n boom val nie. Sy wil jou nie eers bel nie.
- 8.JOHAN: Ag nee! Gee vir haar die foon, dat ek self met haar praat?

1.MARELISE: (FILTER) Nee. Sy is nie nou hier nie, maar as jy weer wil probeer, sal ek jou help. Haar pa gaan Dinsdae en Donderdae vroeg “gym”. Soms gaan sy saam met hom, soos gister. Jy kan môre weer probeer. Maar jy hoef nie weer ‘n boomtak of jou nek te breek nie. Ek sal die voorhekkie sesuur van knip af haal.
Druk dit net oop.

2.JOHAN: “Great”. Ek sal daar wees.

3.MARELISE: Ek sal vir Dieter, aan ‘n leiband hou, en hom net loslaat as jy rêrig ‘n inbreker is, soos Marelise vermoed.

4.JOHAN: Dankie man, jy’s ‘n ster! Ek’s môre daar! Jy kan ons voorstel.
Ek sien jou dan.

5.MARELISE: Sien jou. Ek gaan nie vir haar sê jy kom nie, “okay”? Jy moet haar verras.

6.JOHAN: “Okay”.

TEMAMUSIEK

KOMBUISGELUIDE, SKOTTELGOED WAT GESTAPEL

WORD.

- 1.PA: Marelise, kom ons gesels nou soos groot mense. Ek gun jou die “trip” na Mauritius, maar jy gaan nie saam met ‘n wildvreemde ou wat jy nou nog nie eers ontmoet het nie. Dan betaal ek liever self jou kaartjie en hotel...
- 2.MARELISE: Los dit vir my, Pa. Ek kan nie vir almal sê Mejuffrou Bene kan nie eers ‘n ou kry om op ‘n droom-“trip” saam te gaan nie. Ek sal dit “handle”.
- 3.PA: Die “trip” is volgende week. Wat se tipe mansmens gaan jy so vinnig optel?
- 4.MARELISE: Ek belowe Pa: teen die tyd dat die vliegtuig opstyg, sal daar ‘n ou wees. (LAGGIE) Dalk is daar al klaar een.
- 5.PA: Hoekom weet ek nie van hom nie? Marelise, ek moet eers die ou sien voor jy onbesonne dinge aanvang! Ek wil nie ‘n moeilike pa wees nie, maar ...
- 6.MARELISE: Nie ‘n moeilik pa nie? Pa kry dit nou al vir jare reg!
- 7.PA: Moenie laf wees nie, kind. Ek wil jou probeer help ...
- 8.MARELISE: Hou dan net asseblief op met probeer.

- 1.PA: Goed. Ek belowe: “hands off”, maar op een voorwaarde: ek ontmoet die ou sodra jy hom haak.
- 2.MARELISE: Haak? Ek vang nie visse nie, pa. Ek is nie daai soort nie. Hulle sal self moet byt.
- 3.PA: Haak? Byt? Wat’s die verskil?
- 4.MARELISE: Pa sal nie weet nie. Maar van voorwaardes gepraat, ek gaan Saterdaggaand uit en Pa stel g’n voorwaardes nie.
- 5.PA: Uit! Met wie? E ... “okay”, jammer. Jy kan gaan. Net elfuur terug wees.
- 6.MARELISE: Dis ‘n voorwaarde, pa!
- 7.PA: “Okay”, jammer. Kan ek hom sien as hy jou kom haal?
- 8.MARELISE: Wie’t gesê iemand kom my haal?
- 9.PA: Dis hoe dit gedoen word ... gewoonlik.
- 10.MARELISE: Pa vergeet: Pa se “gewoonlik” was dertig jaar gelede. En “gewoonlik” gooi Pa my kêrels uit nog voordat ek hulle kan voorstel. Ek sal liever reël dat ek hom daar kry.

- 1.PA: Waar? Jy reël? Hoe werk dit?
- 2.MARELISE: As ek dit doen, werk dit op my manier! Maar Pa hoef nie te bekommer nie. Ek het 'n plan. Al wat ek vir Pa sê is dit: moenie op my "spy" nie en moenie inmeng nie.
- 3.PA: Plan?
- 4.MARELISE: (FERM) Ja. (MEER ONDERDANIG, STROPERIG) En Pa, asseblief Pa, doen my 'n groot guns. As iemand op die huisfoon bel om met 'n Mariana te praat: onthou, ek het 'n niggie met die naam van Mariana wat hier kuier! Neem 'n boodskap en sê Mariana sal terugbel.
- 5.PA: 'n Niggie? Waarmee is jy besig Marelise?
- 6.MARELISE: (FERM) Ek sê niks meer nie. Onthou: Mariana kuier by Marelise.
- 7.PA: Moet ek vra wat die ou se nommer is?
- 8.MARELISE: Nee, Mariana ken sy nommer.
- 9.PA: Is jy seker jy is besig met wettige dinge, Marelise?

1.MARELISE: Ja, Pa. In elk geval: ek is mondig! Pa sal nie hoof tronk te sit nie. Ek sal self... Ek is “anyway” gewoon daaraan!

2.PA: Jy laat my voel soos ‘n tronkbewaarder.

3.MARELISE: Voel Pa nou eers so? Ek dag Pa is al gewoon daaraan.

4.PA: Hou nou op om jou tronkbestaan in te vryf en gaan beplan jou visvangery saam met jou niggie!

TEMAMUSIEK

VOETSTAPPE, VOORHEKKIE GAAN OOP EN TOE. HOND

BLAF.

5.MARELISE: (BEVELEND) Dieter! Stil! Sit! (GESELSTRANT)

HOND SE GEBLAF HOU OP

6.MARELISE: O, môre Johan, jy’s hier? Jammer, weer slegte nuus: Marelise het toe saam met haar pa gaan “gym”.

7.JOHAN: O? Ag dis “okay”. Hier’s die koerant. Het jy weer met haar oor my gepraat?

- 1.MARELISE: Ja. En raai wat? Ek het gereël dat sy Saterdagagaand saam met jou by Luigi's gaan eet.
- 2.JOHAN: "Wow!" Rêrig? Sonder dat sy my ontmoet het?
- 3.MARELISE: Ek het vir haar gesê jy lyk oraaait. Pas dit jou?
- 4.JOHAN: Dis "great"! Saterdagagaand? "Guy" jy nie met my nie? Sê haar sy moet my self bel!
- 5.MARELISE: Dis nie nodig nie. Sy is skaam. Onthou, dis omtrent haar eerste date!
- 6.JOHAN: "Okay", ek sal bespreek. Kan ek haar sewe-uur optel?
- 7.MARELISE: Nee, kry haar daar. Sy sal self daar kom. Sewe-uur is oraaait.
- 8.JOHAN: "Okay". Wat sê haar pa daarvan? Ek gee nie om om die ouballie te ontmoet nie.
- 9.MARELISE: Dis nie noual nodig nie. Ek het die ouballie omgepraat.
(MELODRAMATIES) Marelise gaan Saterdagagaand uit op parool.

- 1.JOHAN: “Wow”, Mariana. “Vat vyf!” (KLAP VAN HANDE TEEN MEKAAR) Jy’s ‘n ster. Maar, e ... eintlik raak ek nou bang. Wil jy nie maar die eerste keer saam kom nie?
- 2.MARELISE: Is jy mal? ‘n “Chaperone”? Ek dag jy hou van Marelise?
- 3.JOHAN: Natuurlik. Maar jy vergeet: ek ken haar nie eers nie. Ek sal haar darem seker herken. Ek hoop sy dra ‘n mini. Dan sal ek haar enige plek op aarde herken.
- 4.MARELISE: Sies, Johan! Sien julle mans dan niks anders as bene raak nie?
- 5.JOHAN: Ek bedoel dit nie so nie! Dis net dat ek jammer is dat ek nie vir jou daar sal hê om te help nie. Sê nou ons kliek nie. Ek aanvaar al dat Marelise ‘n girl soos jy sal wees, waarmee ek maklik sal kan regkom. Maar as dit nie ...
- 6.MARELISE: (ONDERBREEK) Dis **jou** probleem! Ek is in elk geval een van die dae op pad.
- 7.JOHAN: Waarheen? Is jy nie op varsity nie? Waar bly jy permanent?
- 8.MARELISE: Kom ons los my uit die storie uit. Saterdaggaand ontmoet jy vir Marelise en dan vergeet jy van my.

- 1.JOHAN: Hoe kan jy so sê? Maar “okay”, ek sal jou bel. Ek het jou nommer op my sel.
- 2.MARELISE: Dan moet jy nou gaan. Marelise en haar pa kan enige oomblik terugkom.
- 3.JOHAN: “Okay”. Sê asseblief vir haar om my Saterdagmiddag sewe-uur voor, by ontvangs by Luigi’s te kry. Dan sal ek maar myself voorstel. “Cheers”.
- 4.MARELISE: “Bye”.

HEKKIE KLAP TOE

TEMAMUSIEK

GEDEMPTE ROESEMOES SOOS IN RESTOURANT, DOOF

UIT AS DIALOOG BEGIN

- 5.JOHAN: Mariana! “Wow!” Jy lyk “stunning”. Wat maak jy hier? Wat het gebeur? Waar’s Marelise?
- 6.MARELISE: Sy’s te skaam. Wil skielik nie kom nie. Jammer... Sy’t vir my én vir jou ge-”drop”! Ek het net gedink: ek kom jou liever sê, anders wag jy dalk heel aand hier.

- 1.JOHAN: Dis nou “bad”. En ek was nogal op my senuwees. Baie daarna uitgesien, maar nou’s dit asof ek verlig is.
- 2.MARELISE: Hoe so?
- 3.JOHAN: Ek sou eintlik eerder die aand saam met jou wou kuier. Nie so bang vir jou nie.
- 4.MARELISE: Dis jammer. Ek hou daarvan as mans bang is vir my.
- 5.JOHAN: Familie van Marelise se pa?
- 6.MARELISE: Johan, luister. Ek moet met jou praat. Marelise wil jou ontmoet, maar ek moet verduidelik. Kan ons sommer hier in die voorportaal praat? Ek sal nie lank wees nie.
- 7.JOHAN: Dis “okay”. Maar kom ons vat liewer die tafel wat ek bespreek het. Al drink jy net ‘n koffie saam met my, dan vertel jy my wat in daai kopppie van haar aangaan.
- 8.MARELISE: “Okay”, maar ek betaal vir myself... en daai blomme waaraan jy so vasklou... gee liewer, ek sal dit vir Marelise vat.

1.JOHAN: Vat dit vir jou. Ek het nogal gedink toe ek dit koop: ek sou dit eerder vir jou wou gee. E ... mens, maar jy is mooi! Jy steek baie weg agter daai sweetpak wat jy soggens dra as jy die koerant by my vat. Net 'n oomblik... (ROEP) "Meneer... Meneer! (SAGTER) Ons is reg, kan ons maar deurgaan na daai tafel wat ek gereël het ... (POUSE) Dankie.

TEMAMUSIEK. RESTOURANTKLANKE, ROESEMOES EN DIALOOG DOOF IN.

2.MARELISE: ... en dis haar storie. Jy moet verstaan: Marelise het 'n baie alleen-lewe gelei en wil nie kansse vat met iemand wat sy nie ken nie.

3.JOHAN: Ek kop dit so bietjie, maar kom ons praat oor **jou**. Jy het my nog niks van **Mariana** vertel nie!

4.MARELISE: Nee! Niks oor my nie. Dis my voorwaarde. Anders loop ek nou.

5.JOHAN: Nee! Nie dit nie. Kom ons kry 'n nagereg. Dan vertel jy my wat ek moet maak om Marelise uit my kop uit te kry.

6.MARELISE: "Okay", ek sal iets bestel, maar jy moenie nou vir Marelise drop nie. Ek wil juis vir jou vertel wat haar probleem met jou is, en ... sy het 'n uitnodiging vir jou.

- 1.JOHAN: Probleem? Met my? Uitnodiging? Wat nou? Laat waai!
- 2.MARELISE: Jy sien, die ding staan so: die prys wat Marelise gewen het met die Mejuffrou Bene-kompetisie is 'n week-trip na Mauritius. Dit begin eerskomende Vrydag.
- 3.JOHAN: “Wow”! Dit maak sin ... na die eksamen.
- 4.MARELISE: Sy het ook 'n foto-kontrak met 'n swemdrag-maatskappy gewen. Die foto's word op Mauritius geskiet.
- 5.JOHAN: “Great”!
- 6.MARELISE: Dis nie al nie: *Top Billing* doen 'n program van haar oor haar prys op die eiland. Maar hier's die “catch”: sy moet haar “ou” saamneem, om die program meer romanties te maak. En die waarheid is: sy het nog nie 'n ou nie.
- 7.JOHAN: Ek sal gaan! “Any day!”
- 8.MARELISE: Jy sien, toe jy daai oggend uit die boom in haar lewe ingeval het, ...e... toe ek haar vertel het dat jy haar wil ontmoet, het sy besef dat hier 'n kans is om 'n ou saam te neem.

- 1.JOHAN: “So?” Wat’s haar probleem? Hier sit ek en “nip” om haar te ontmoet en jy sê sy wil my gebruik. Hoekom kom sy nie en sê dit self vir my nie?
- 2.MARELISE: Jy ken haar nie. Ek sê jou mos: sy is baie skaam. Sy wil nie ‘n gek van haarself maak nie. Sy wil eers die versekering hê dat jy wel sal saamgaan. Sy wil hê dat jy haar pa moet ontmoet, en maak nie saak wat nie, jy **moet** jou belofte hou.
- 3.JOHAN: Ek sal. Sê vir haar, ek sal haar nie drop soos sy nou al twee keer met my gemaak het nie.
- 4.MARELISE: Jy moenie so hard op haar wees nie. Sy moet weet. Is jy ‘n bok vir Mauritius of nie?
- 5.JOHAN: Gaan **jy** saam?
- 6.MARELISE: Natuurlik nie! Ek het nie die prys gewen nie!
- 7.JOHAN: Ek het maar net gehoop. Jy sal in elk geval net so goed doen in enige fotosessie.
- 8.MARELISE: “Thanks, maar onthou my voorwaarde. Vanaand, niks oor my nie. Vertel my liever oor jousef ...

1.JOHAN: Kom ons maak net eers vir Marelise klaar. Sê vir haar ek sal gaan, maar Dinsdagoggend, of enige tyd wat sy wil, is ek daar. Dan wil ek haar van aangesig tot aangesig sien en self die ding van Mauritius met haar uitpraat.

2.MARELISE: Dinsdagoggend is reg. Ek sal sorg dat sy hierdie keer daar is ... maar ek wil haar meer van jou vertel. Sy wil alles van jou weet. Vertel my jou geskiedenis, en al jou intensies met haar ...

TEMAMUSIEK

SELFOON LUI

3.MARELISE: Hallo.

4.JOHAN: (FILTER) Mariana!

5.MARELISE: Dis Mariana wat praat. Is dit jy Johan?

6.JOHAN: (FILTER) Wie anders? Verwag jy 'n ander ou se oproep?

7.MARELISE: Nee, hoekom?

8.JOHAN: (FILTER) Is daar 'n ander ou?

- 1.MARELISE: Johan, onthou: niks oor my nie!
- 2.JOHAN: (FILTER) Luister, Mariana. Ek wil dringend met jou praat.
- 3.MARELISE: Hoekom? Trek jy klein koppie? Jy het vir Marelise belowe ...
- 4.JOHAN: (FILTER) Maar, dis nou anders ... na gisteraand... kan ek jou nou gou êrens ontmoet? By die kerk of so?
- 5.MARELISE: Nee. Ek bly ook by die reëls van hierdie klooster. Kan dit nie wag vir Dinsdagoggend nie?
- 6.JOHAN: (FILTER) Nee. Ek wil met jou alleen praat. Sonder Marelise.
- 7.MARELISE: "Okay". Ek sal reël dat ons twee eerste praat, Dinsdagoggend, voordat Marelise bykom.
- 8.JOHAN: (FILTER) Dis eintlik dringend ...
- 7.MARELISE: Jy wil jou belofte aan MARELISE breek?
- 8.JOHAN: (FILTER) Nee ... dit gaan oor ons. Oor ek en jy.

1.MARELISE: Dan is dit nie belangrik nie. Dit kan wag tot Dinsdagoggend. Ek sal sorg dat ons eers alleen is. “Okay”, Johan? “Bye.”

2.JOHAN: (FILTER) Mariana! Wag!

KLIKGELUID EN BESETTOON VAN TELEFOON WAT

AFGELUI HET

3.JOHAN: (TEENOR HOMSELF) Blikskottel, ek haat dit as iemand ‘n selfoon in my oor dooddruk!

TEMAMUSIEK

VOORHEKKIE GAAN OOP EN TOE. HOND BLAF

4.MARELISE: Hallo, Johan.

5.JOHAN: “Hi”, Mariana. Ek is bly jy’s hier. Waar’s Marelise?

6.MARELISE: Ek dog jy wou my eers alleen sien?

7.JOHAN: Ja ... e... jy sien, ek wil vir jou sê dat ek nie eintlik saam met Marelise na Mauritius toe kan gaan nie.

8.MARELISE: Hoekom nie?

- 1.JOHAN: Omdat ek nie 'n leuen sal kan lewe nie. Mariana, ek is eintlik mal oor **jou**, nie meer oor 'n Marelise wat ek nie eers ken nie. Jy is baie mooier en ouliker as wat sy ooit kan wees. Ek kan mos nie saam met jou niggie 'n week in Mauritius gaan kuier as ek eintlik vir jou liefhet nie.
- 2.MARELISE: (SPOTTEND) "Wow"! Liefde? Is jy seker? Dis 'n probleem. Maar jy het belowe. Jy kan mos maar altyd as dit verby is weer die toue met my probeer optel.
- 3.JOHAN: (OPGEWONDE) Dan is dit "okay" met jou? Voel jy ook iets vir my? Ek het so gedink ... Saterdagavond. Mariana ... ek ... ons ...
- 4.MARELISE: Wag! Johan, wag. Ons het ooreengekom. Dit gaan nie oor my nie. Ek gaan nie vir MARELISE drop of verneuk nie. En jy het belowe jy sal saamgaan.
- 5.JOHAN: Maar presies! Ek wil haar ook nie verneuk nie. Ek wil haar sê. Ek wil dadelik met jou begin uitgaan. Sommer vanaand al. Ek sal nie tot na die trip kan wag nie.
- 6.MARELISE: Johan, ek hou van jou ook. Maar ek sal jou sê: praat jy eers met Marelise se pa hieroor. Ek wil nie familietwis veroorsaak nie. Speel oop kaarte met hom, dan kyk ons wat hy sê. Hy is baie bekommerd dat jongmans Marelise se hart sal breek.

- 1.JOHAN: Maar dit het niks met hom te doen nie. Ek ken sy dogter nie eers nie!
- 2.MARELISE: Jy sal haar ook nie vanmôre ontmoet nie. Sy moet eers die storie van my kant hoor.
- 3.JOHAN: Maar wat van ons twee? Ek en jy?
- 4.MARELISE: Die ding tussen ons, as daar 'n ding is, sal moet wag. Ek sal jou bel.
- 5.JOHAN: Jy kan darem vir my nou sê jy gee bietjie vir my ook om.
- 6.MARELISE: Sou ek al hierdie dramas deurgegaan het, as ek niks vir jou gevoel het nie?
- 7.JOHAN: Dis nou 'n antwoord! As jy vir my sê jy gee vir my ook om , wil ek jou mos soen en so aan.
- 8.MARELISE: En so aan? Ek sê jou! Sesuur in die môre ... by die voorhekkie? Jy is nogal haastig. Ek sal jou sê wat: dit sal alles moet wag. Jy sal van my hoor. Ek moet eers met 'n paar mense gaan gesels. Ek sal jou bel oor die volgende stap.

1.JOHAN: “Wow”! Volgende stap! Vir die eerste keer in my lewe is ek dolverlief ... op die oulikste girl wat ek ken. Ek sê dit vir haar, en sy sê sy sal my bel oor die volgende stap. Asof sy ‘n wiskunde probleem wil oplos. Klink my jy het ook in ‘n klooster groot geword.

2.MARELISE: (GEBELGD) Genoeg! Loop nou en maak jou reg om Marelise se pa te ontmoet!

HEKKIE KLIK TOE

3.JOHAN: “Bye”, Mariana. Onthou, ek’s mal oor jou. Bel my asseblief!

4.MARELISE: “Bye”.

TEMAMUSIEK

DEUR OOP EN TOE

5.PA: (HOES) Marelise? Is jy by die huis?

6.MARELISE: (VAN VER) Pa! (HARDLOPENDE VOETSTAPPE OP HOUTVLOER, NADER TOT BY MIKROFOON) Pa! Ek’s bly Pa is vroeg. (POUSE VIR SOENGROET) Hallo Pa. Ons moet gesels.

- 1.PA: Ek is altyd reg vir gesels met jou. Ek wil iets belangriks vir jou ook sê. Maar hoekom lyk jy so opgewonde?
- 2.MARELISE: Ek dink ons het hom, Pa!
- 3.PA: Vir wie?
- 4.MARELISE: Die ou wat saam met my Mauritius toe gaan.
- 5.PA: O? En as jou oë so blink? Is hy 'n spesiale ou?
- 6.MARELISE: Baie spesiaal, pa. Die enigste probleem is: Hy het nog nooit vir Marelise Stander ontmoet nie!
- 7.PA: Wat? Moenie vir my sê dis 'n "blind date" nie!
- 8.MARELISE: Nee, pa. Ek ken hom goed, maar hy ken nie vir my nie!
- 9.PA: Hou nou op met raaisels, Marelise. Wat gaan aan?
- 10.MARELISE: Sê eers vir my: kan Pa hom vanaand ontmoet?
- 11.PA: Waar?
- 12.MARELISE: Hier, by die huis!

- 1.PA: Natuurlik. Kom hy?
- 2.MARELISE: Ek gaan hom nou bel om te hoor of hy kan kom. Maar Pa moet my help.
- 3.PA: Ek dag hy's klaar gehaak vir Mauritius?
- 4.MARELISE: Hy was, maar hy wil nou kop uittrek.
- 5.PA: Agge nee, Marelise. Wat gaan aan?
- 6.MARELISE: Ek sal verduidelik: verlede Dinsdagoggend, toe Pa by die "gym" was, het ek vir Johan, dis sy naam, ontmoet.
- 7.PA: Waar? Was jy uit? So vroeg?
- 8.MARELISE: Nee, pa. Hier by die huis. Hy is toe op soek na Marelise Stander, wat hy van ver af by die Mejuffrou Bene kompetisie gesien het. Ek jok toe vir hom en sê ek is Marelise se niggie, Mariana. Ek weet nie hoekom nie. Seker omdat ek bang was vir hom.
- 9.PA: Bang? Is hy gevaarlik?

- 1.MARELISE: Nee, Pa. Sommer net omdat dit so skielik was. Ek het hom toe weer 'n paar keer gesien van toe af, asof ek Mariana is.
- 2.PA: Hoekom sê jy nie vir hom die waarheid nie?
- 3.MARELISE: Ek weet nie, pa. Elke keer neem ek my voor om hom die waarheid te vertel, dat ek eintlik self Marelise is, maar dan begewe my moed my. Dan gaan ek maar aan met die Mariana-storie. Ek dink ek is bang dat as sy droom-“bubble” gebars het, hy nie meer van my sal hou nie.
- 4.PA: Nee, wat ek glo nie. Ek weet nou, ek is ook skuldig daaraan dat jy so optree. Dis waaroor ek ook met jou wou praat. Ek moes jou lankal meer vryheid gegee het. Ek het baie gedink oor Saterdaggaand. Ek het gehoop dat jy my sou vertel hoe dit gegaan het.
- 5.MARELISE: Dit was wonderlik Pa. Net jammer dat ek onder 'n vals naam met hom uitgegaan het? Hy dink nou nog hy het met Mariana uitgegaan.
- 6A: Dit kan jy mos maklik regstel.
- 7.MARELISE: Nee. Nou is daar 'n komplikasie.

- 1.PA: Hoe so?
- 2.MARELISE: Ek vra hom toe Saterdag of hy sal belowe om saam met Marelise Mauritius toe te gaan. Hy sê toe dis “okay”, maar toe, Sondag, gebeur ‘n onverwagse ding.
- 3.PA: Wat het gebeur?
- 4.MARELISE: Hy bel my Sondagoggend, en hy sê vir my, dis nou vir Mariana, dat hy van Mariana hou en nie meer kan voortgaan om saam met Marelise Mauritius toe te gaan nie.
- 5.PA: Hoekom nie?
- 6.MARELISE: Hy wil nie vir Marelise onder ‘n verkeerde indruk bring nie, want hy is mal oor my, ... Mariana, ... en hy sal liever hier agterbly saam met haar. Trouens, hy wou sommer vanaand al met Mariana uitgaan.
- 7.PA: (OPGEWONDE) Maar vat vyf, my kind! Dis mos goeie nuus vir jou! Dit beteken maar net dat hy op die werklike Marelise verlief is, en nie op ‘n droom-meisie met mooi bene nie.

1.MARELISE: Ja, maar ek wil hê Pa moet hom eers ontmoet, sommer vanaand... ek het 'n plan ... en ek het Pa se hulp nodig. As hy vanaand kom, ... kom ons maak so ...

TEMAMUSIEK DOOF IN

SELFOON LUI.

2.JOHAN: Hallo.

3.MARELISE: (FILTER) "Hi" Johan, Mariana hier.

4.JOHAN: (OPGEWONDE) "Yes". Dis gou. Ek dink heeldag aan jou. Is al's "okay"?

5.MARELISE: (FILTER) Ja. ek het met Marelise se pa gepraat. Kan jy vanaand sewe-uur kom?

6.JOHAN: Waarheen? Na julle huis toe?

7.MARELISE: (FILTER) Ja, na Marelise se huis toe. Hy wil met jou praat.

8.JOHAN: Het jy vir hom vertel van ons twee?

9.MARELISE: (FILTER) Nee. Jy kan hom vertel, as jy wil.

- 1.JOHAN: “Okay”. Moet ek ‘n pak aantrek?
- 2.MARELISE: (FILTER) Nee, man. Net soos jy is.
- 3.JOHAN: Reg. Ek’s daar. “Seven ‘o clock, sharp”. Eintlik om jou weer te sien... e ... sal Marelise ook daar wees?
- 4.MARELISE: Wil jy hê sy moet by wees?
- 5.JOHAN: O, blikskottel, ek weet nie? Nee. Dit sal dinge nog meer kompliseer. Kan dit nie maar net ons drie wees nie.
- 6.MARELISE: Eintlik julle twee. Ek het niks te sê nie. Maar ek sal sorg dat ek hier is om jou te ontvang. “Okay”, sterkte!
- 7.JOHAN: Bye. Onthou net: ek is lief vir jou!
- 8.MARELISE: Hou jou mooi woordjies vir Marelise se pa. Bye.

TEMAMUSIEK, DOOF IN DIALOOG

- 9.PA: Jongman, ek het jou laat kom om oor Marelise se besoek aan Mauritius te praat. Ek is bly om te hoor dat jy ingewillig het om saam met haar te gaan.

- 1.JOHAN: Ek het aanvanklik, oom, e... Meneer, maar ...
- 2.PA: Niks maar's nie. Al jou koste word betaal, vlugkaartjie, hotelkamer, eenduisend rand sakgeld per dag. Jy het belowe, het jy nie?
- 3.JOHAN: Ja, maar u verstaan nie ...
- 4.PA: Wat verstaan ek nie?
- 5.JOHAN: Ek was mal oor Marelise, maar toe ontmoet ek vir Mariana, en nou's dit anders. Ek wil nie vir Marelise onder verkeerde indruk bring nie.
- 6.PA: Daar's geen indrukke hier ter sprake nie. Dis 'n belofte en 'n belofte is iets wat nagekom moet word.
- 7.JOHAN: Al hou ek en Marelise dalk niks van mekaar nie?
- 8.PA: Jongman, almal wat vir Marelise ken, hou van haar. Dis nie die probleem nie. Die vraag is of ek van jou hou, en as die antwoord gunstig is, dan sal Marelise met jou tevrede wees.

- 1.JOHAN: Maar, meneer, 'n week kan 'n lang tyd wees as mense nie by mekaar pas nie.
- 2.PA: Wil jy nou kop uittrek oor 'n moontlike mispassing? En dit nadat jy beloof het, en Marelise jou naam vir die organiseerders gegee het, om saam te gaan. Die kaartjies is reeds gekoop, plekke is op jou naam bespreek. Weet jy wat jy vir Marelise sal aandoen as jy nou kop uittrek?
- 3.JOHAN: Maar meneer, ek ken haar nie eers nie.
- 4.PA: Daaraan moes jy gedink het, toe jy die belofte gemaak het om saam te gaan. Ek sê nou vir jou, ek hou jou verantwoordelik vir elke sent wat vrugteloos gespandeer is, as jy nou kop uittrek.
- 5.JOHAN: Toemaar, meneer, ek sal gaan. Maar ek moet vir meneer sê dat ek eintlik iemand anders liefhet, ... vir Mariana.
- 6.PA: Dit wat tussen jou en derde partye aangaan, raak my nie.
Solank jy nie my dogter "drop" nie.
- 7.JOHAN: Solank Mariana nie omgee nie en solank Marelise weet ek gaan onder protes ...

1.PA: (STRENG) Jy moenie hier in my eie huis vir my voorwaardes stel nie. (HARDER) Solank jy my verstaan, verstaan ons mekaar. Is dit duidelik?

2.JOHAN: Reg, meneer.

3.PA: (SAAKLIK) Dan is dit gereël. Jy sorg dat jy Vrydagoggend nege-uur op die lughawe is, internasionale vertreksaal, BBP sitkamer, gereed vir die eerste fotosessie met Marelise.

4.JOHAN: Reg, meneer.

5.PA: En ek draai persoonlik jou nek om as jy my dogter “drop”.
(MEER VRIENDELIK) Totsiens, Johan, jy kan maar gaan. Jy behoort geëerd te voel. Ek het jou so pas goedgekeur en die reis gaan voort.

VOETSTAPPE, DEUR OOP, DEUR TOE

TEMAMUSIEK

“LUGHAWEKLANKE”, VLIEGTUIE WAT OPSTYG EN LAND,

KLINGELS EN AANKONDIGINGS, ROESEMOES VAN

STEMME, DOOF UIT TOT AGTERGROND

1.JOHAN: Mariana! Jy? Ek is bly jy is hier. Gaan jy saam? Waar is Marelise?

2.MARELISE: Ek het van Marelise kom afskeid neem. Kom saam na die BBP-sitkamer. Ek wil jou voorstel. Los maar jou tasse. Marelise se pa sal dit oppas. Jy kan net-nou inweeg.

DEUR OOP, AGTERGRONDKLANKE SKIELIK WEG

3.JOHAN: Wat's verkeerd? Hier's dan niemand nie. Waar is Marelise? Hoekom lyk jy so gespanne? Mariana! Wat's verkeerd?

4.MARELISE: Johan, luister: jy moenie vir my kwaad wees nie. Die waarheid is ... (VINNIG EN DUIDELIK) daar is nie 'n Mariana nie! Ek is Marelise!

5.JOHAN: Mariana ...e ... jy ... jy't het my vir die gek gehou?

6.MARELISE: Nee. Nie met opset nie. Ek was aan die begin bang vir jou. Toe het ek begin met die niggie-ding. Toe, later, wou ek jou die waarheid vertel, maar toe is ek weer bang jy sal kop uittek. Wou eers seker maak dat ons sal regkom.

7.JOHAN: Blikskottel! En Marelise se pa? Jou pa ... hoekom was hy Dinsdagaand so moeilik? Was hy heeltyd in op dié ding?

- 1.MARELISE: Nee. ek het hom eers Dinsdag gesê. Toe besluit ons ons hou die ontmoeting met Marelise vir jou 'n verrassing tot vandag!
- 2.JOHAN: 'n Verassing? Dis 'n bleddie skok! Sodat ek nie kan kop uittrek nie?
- 3.MARELISE: Dit ook ja. Maar eintlik het jy gesê jy wil iets romanties vir my sê, en dan moet die plek en tyd reg wees. ek het gedink ... hier is dit dalk beter... (KOKETTERIG) ons is nou alleen, 'n beter plek en 'n beter tyd?
- 4.JOHAN: Nou? Hier? (SPELERIG) O nee, ek is verlief op Mariana, nie op Marelise nie.
- 5.MARELISE: Maar Mariana **is** mos Marelise!
- 6.JOHAN: Nee, ek sal Marelise eers moet leer ken. Sy is net so mooi soos Mariana, maar ek wil eers sien of sy nie dalk net so skelm ook is nie.
- 7.MARELISE: Dan sal jy vir Marelise ook vra of sy van jou hou?
- 8.JOHAN: Ja, as die tyd en plek reg is.

- 1.MARELISE: (GEMAAK KWAAD) Jou skurk! Wanneer? Op Mauritius?
Later die week?
- 2.JOHAN: Dalk. Ek het vir jou ook nuus, Maria... e ... Marelise.
- 3.MARELISE: Wat is dit?
- 4.JOHAN: Daai Johan wat uit die boom uit geval het, hy was ook 'n ander ou.
- 5.MARELISE: Aag!
- 6.JOHAN: Ja. Daai Johan het net 'n meisie gesoek omdat sy mooi bene het. Hierdie Johan wat jy nou sien, hy sien baie meer as dit, en hy soek ook baie meer as dit.
- 7.MARELISE: Nie nou al nie. Op 'n ander tyd en en ander plek.
- 8.JOHAN: Aha! Vat vyf!
- 9.MARELISE: Vat vyf!

KLANK VAN TWEE HANDE WAT OP MEKAAR KLAP

EPILOOG

VERTELLER: ... en by die groot fees het die prins besef dat die diensmeisie, wat al die tyd saam met hom gewerk het, in werklikheid die prinses was. Die prins en prinses is daarna getroud en het lank en gelukkig gelewe.

TEMAMUSIEK

einde